Die Posduif

Nuusbrief van die N G Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie: *Koinonia, Geloof en Getuienis*

Jaargang 16 2de Kwartaal 2015

DISSIPELS MAAK

Dikwels sê mense vir jou "Jy moet dissipels maak - die opdrag is in die Bybel in Matteus 28:19" of "Hoeveel dissipels het jy al vandag gemaak?" of "Hoeveel siele het jy al vir Jesus gewen?" Maar, kan jy 'n dissipel maak?

'n Dissipel is 'n volgeling. As jy volgelinge het, is hulle dus eintlik jou dissipels. MAAR 'n volgeling KIES om 'n volgeling te wees, sy leier kan hom nie dwing nie! 'n Dissipel is eintlik 'n volgeling van iemand wat dan sy/haar leier se ideologie/ leer/dogma glo en aanhang en bevorder, en lojaal aan hom/haar is.

Nou wat dan van Jesus se opdrag in Matteus 28:19? Hoe maak jy dan dissipels?

Diakonia (onselfsugtige diens), agape (onvoorwaardelike liefde en lojaliteit) en koinonia (verhouding) - dit is hoe dissipels gemaak word.

Die klem lê op al 3; en hulle is inter-verweefd met mekaar. Jou voorbeeld, leefwyse, naastediens, verhouding met en optrede teenoor ander (bekendes en vreemdelinge), dít wat jy sê en doen - dit bepaal of jy die opdrag uitvoer. Dit is nie ons werk om ander te probeer verander, te red, 'n dissipel te maak of af te skryf nie.

Ons is Jesus se diensknegte wat moet sorg dat genooides altyd "die beste sitplekke aan Sy tafel" kry. Ons moet hulle na God se eetkamertafel bring - hulle is genooi. Op Sy eie maniere sal Hy wel hulle honger en dors stil.

Dít is dissipelskap: as ons dissipels moet maak, beteken dit net om ander saam te nooi/saam te neem op die reis. Jesus is die toerleier en Hy sal vir die res sorg. Onthou wat Paulus skryf: Hy plant net die saad en Apollos gooi nat, MAAR dit is God wat laat groei (1 Kor 3:6-8). Net so moet ons plant en natgooi, maar net God kan die saad laat groei.

Bron: *Jesus 'n Radikale Sprong, Stephan Joubert, CUM*

Rudolph van Wyk
Skets : heuning.co.za

BYBEL "TOEP" (APP) OP JOU FOON OF TABLET

Ek het al dikwels gewonder oor die moontlikheid om die Bybel op jou foon of tablet te kry maar niks daaraan gedoen nie. Toe beantwoord dr Schalk Basson my vraag in die Februarie 2015 maandblad van die NG Kerk Kempton-Kruin.

"Bybel Toep"



As jy in die "App store" (IOS, Windows, Blackberry of Android) by die soekfunksie "Bible" intik, is die eerste gratis toep wat opkom gewoonlik die "Youversion" toep. Dit is 'n gratis toep en die ikoon lyk soos hierbo (Holy Bible).

Sodra jy dit (die Engelse weergawe) afgelaai het op jou foon of tablet, moet jy 'n rekening (account) by Youversion oopmaak deur 'n gebruikersnaam (username) en wagwoord (password) te kies en te registreer.

Vertalings

As jou rekening opgestel is, kan jy begin om die verskillende Bybelvertalings op jou foon of tablet af te laai. Die volgende vyf Afrikaanse Bybelvertalings is beskikbaar: ABA (Bybel vir almal); AFR53 (Afrikaans1933/1953); AFR83 (Afrikaans 1983); DB (Die Boodskap); NLV (Nuwe Lewende Vertaling). Met hierdie toep kan jy tussen die verskillende vertalings rondspring terwyl jy by dieselfde teks stilstaan – dit is 'n wonderlike hulpmiddel wanneer jy Bybelstudie doen."

CAPRIVI-UITREIK : 2015

Daar sal vanjaar nie 'n uitreik na die Caprivi wees nie maar Sondag, 3 Mei 2015, het **Oscar Nyambe,** die sendeling in die Caprivi ons gemeente besoek. Tydens die uitreike na Caprivi word daar nou met hom saamgewerk.

Ds Barry het voor die erediens 'n kort gesprek met Oscar gehad en hy het die gemeente meer oor sy bediening vertel. Oscar is verantwoordelik vir drie klein gemeentes oor 'n uitgestrekte gebied in die Caprivi en hy besoek hulle gereeld. Die gemeentes is 20-30 kilometer uitmekaar en die rondomtalie roete vanaf en weer tot by sy huis is 70 kilometer. Dit word met dapper en stapper of per fiets afgelê.

Oscar het ook vir die gemeente vertel hoe hy vanaf die Caprivi via Francis Town en Gaberone met groot gesukkel en baie genade en hulp van ander, tog Pretoria gehaal het en hoe ds Ian Jonker hom gehelp het om van daar af in Parys te kom nadat hy van 'n taxi afgesit is omdat hy nie genoeg geld gehad het nie.

Na sy besoek aan Suid Afrika het Oscar op Vrydag, 15 Mei teruggekeer huistoe. Hy het 'n geleentheid gekry op 'n groot vragmotor wat op pad was na die Kongo. Hy sou saamry tot in die noorde van Botswana en dan is hy "redelik" naby aan die huis. Oscar is getroud en het drie seuns.

Ons is dankbaar dat ons Oscar ook hier aan die gemeente kon voorstel, vir die vriendelikheid waarmee hy ontvang is en al die geskenke wat hy gekry het. Ons bid hom seën toe op sy pad vorentoe en op sy bediening in die Caprivi.

Ds Barry saam met Oscar en ander lede van die Caprivi-span
(Reska Hamm Fotografie)

KRUISPAD : 1 Korinthiers 9: 24-29

Ek was nog nooit ’n atleet nie - eenvoudig net nie so gebou nie en die meeste van die parte ontbreek, ander weer heeltemal uit proporsie. Tog is dit vir my so mooi wanneer ’n atleet met alles in hom in die eindstryd nael, elke spiertjie bultend soos dit ingespan word om eerste die lint te breek. Dit is nogal jammer dat die tradisie om ’n lint te span wat deur die wenner gebreek word, vervaag het.

Net soos atlete, sê Paulus, moet ons ons vir Christus inspan. Ons moet met alles in ons hol om die resies vir Jesus te wen. *Julle weet dat, al hardloop ’n klomp mense in ’n resies, daar net een wenner kan wees* (v24). Moenie die spel van die lewe speel met die doel om tweede te kom nie. Leef jou lewe sodat jy wen. Wie hardloop nou ’n resies om tweede te kom? Nee, jy gee jou alles om eerste te kom. Dit is tog waaroor dit gaan.

Ons moet alles vir Christus gee. As ons werk, moet ons werk asof dit die laaste ding is wat ons doen. As ons speel, moet ons hard speel, want dalk is dit môre te laat. En dit alles moet ons doen terwyl ons voluit in Jesus se wedloop hardloop. Daar is eintlik nie tyd om soos aartappels op ’n bank te lê en niks doen nie. Nee, alles in ons moet pomp om die wedloop van Jesus in die eerste plek te voltooi.

Tog weet ons dat dit nie maklik is om ’n goeie atleet te word nie. Dit vat baie deursettingsvermoë, baie tyd en baie energie om al jou spiere perfek te kry om ’n goeie atleet te wees. So ook in die Christen se resies: *As iemand ’n resies wil wen, oefen hy eers hard (v25)***.** Die gouste wat jy neerval en ploeg, is wanneer jy glad nie geoefen het nie. Dan slaan jy jou naam met ’n plank.

Ons moet voorbereid wees vir die lewensresies. Die grootste oefening is daar in jou stiltetyd, daar waar jy leer om God se stem te hoor, daar waar jy verstaan wat God wil hê jy in die wêreld moet gaan doen, daar waar jy leer om al jou geestelike spiere te oefen. Ons moet eenvoudig voluit gaan. Dit vat tyd, energie en baie deursettingsvermoë.

Dan kan ons die wêreld ingaan en voluit leef. Dan kan ons hol en alles wat ons doen voluit doen vir Jesus. Ons sal saam met Paulus kan sê***:*** *... ek haal alles uit en speel die spel van hierdie lewe so goed ek kan, om te wen. Ek doen wat nodig is, al vra dit wat ook al van my. Dan vertel ek nie vir ander wat om te doen, maar sak self in die wedloop van die lewe uit nie (v26,27).*

Laat ons voluit aan Christus se wedloop deelneem en laat ons onsself uitstrek om die wennerslint eerste te breek. Want onthou: *... Met 'n gewone resies is die prys vir die wenner klein, maar in die resies van hierdie lewe is die prys vir die wenner baie groot en dit hou vir altyd (v25).*

"Here, ek wil graag my beste gee. Ek wil oefen sodat elke geestelike spiertjie styf trek en bult. Ek wil wen. Ek wil die eerste prys ontvang. Amen"

Anne-marie van der Berg

BESOEK VAN 'N BESONDERE MAN

Hein van Wyk by Lukas en Suna Meyer

17 Mei se erediens was weer eens spesiaal met die besoek van **Hein van Wyk**. Hein het grootgeword in 'n pastorie en daarom ook op 'n paar plekke as kind gewoon o.a. in Namibië en die Paarl. Dit was hier in die Paarl, in 1991 gedurende die Paasnaweek wat hy 'n besondere ontmoeting met die Here gehad het en sy jong vroutjie hom aangespoor het om te doen wat hy nog altyd wou doen: om voltyds vir die Here te gaan werk. Toe sy 'n week later in 'n motorongeluk oorlede is, was daar geen omdraai vir hom nie**.**

Vir 25 jaar al is hy voltyds besig met Koninkrykswerk en glo hy dat die bekende bede "Laat U Koninkryk kom" die antwoord is vir die behoeftes van Afrika. Ten spyte van verskillende godsdiens–filosofieë, wêreldbeskouings en vermenigvuldigende probleme van ons kontinent, het die Kerk nog die geleentheid om met die gesindheid van Christus (Fil 2:5) die boodskap van Verlossing uit te dra met diens en liefde.

Hy fasiliteer Koninkryksontwikkeling in sy hoedanigheid as Sameroeper en Spanleier van Disciple Nations Alliance (www.disciplenations.org)

en ook as Afrika-direkteur van Experience Mission (www.experiencemission.org). Dit behels oa opleidingsgeleenthede en seminare en saam met sy vrou, Helene, fasiliteer hulle besoeke van Noord-Amerikaanse sendingspanne aan Suidelike Afrika - 'n minimum van 6 spanne per jaar vir tydperke van 2 weke tot 6 maande.
Dit was voorwaar 'n geseënde besoek wat ons opnuut in ons uitreik- en getuienistaak aangespoor het.

Suna

KERSKAARTJIES- EN TEDDIEPROJEK

Die dames se **Hekel-en-breigroep** wat elke Dinsdag van 14:00 by Ina v Wyk in die pastorie bymekaarkom, het die afgelope weke breinaalde laat met die "vervaardiging" van teddiebeertjies. Aan die ander kant was die **dames se biduurgroep** en ander gewilliges die afgelope tyd baie bedrywig met die maak van kerskaartjies. Die teddies is gebrei, gestop en afgerond met 'n gesiggie en persoonlikheid(?) terwyl die kaartjies gemaak is van ou kaartjies of kopieë wat per hand ingekleur is. Die mikpunt is 500 kerskaartjies en 150 teddiebere. Daar is dalk by die huise gewonder waarom is almal so besig en waarvoor is dit? Al die bedrywighede is ten bate van **Lotsha Ministries** en Pam Fletcher verduidelik waaroor dit gaan.

LOTSHA

Lotsha Ministries *would like to thank those un-named Busy Bees who contribute to our Projects which we know stretches the long arm of Christ into places of little hope. We thank NG Wes especially for any contributions into any of our Projects which you may consider.*

<u>Lotsha Christmas Card Project</u>

This project has been running successfully since 2006 into Correctional Centres and Places of Safety around RSA. For many inmates it is a first introduction to the reason for Christmas and the card can go on to their family or friends with news. It has encouraged a more meaningful relationship with Christ leading to the successful restoration of their lives, rehabilitation and reintegration back into the community. This has been confirmed over the years and it is made possible by the faithful commitment of the Body of Christ supporting this project by making cards or renewing cards and providing an envelope for each one, or providing financial assistance for the Project. It provides an opportunity to anyone to feed into Prison Ministry in a positive way.

<u>Lotsha Christmas Box</u>

Donations of Teddies, other small cuddly, fluffy, knitted, sewn or wooden small toys and necessities for the new school year for young boys and girls are also most welcome to be distributed at Christmas time into poor communities and places of safety where requested. In 2014 packs were made up for Epworth Childrens Village, House of Hope in Welkom and pre-schools locally.
Together in His Service, Pam Fletcher

Bo: Die Teddiebrei-dames en van die beertjies wat klaar is.

Links: Van die voltooide kerskaartjies.

PINKSTERDIENSTE 17 tot 21 MEI 2015 – DS PIETER RAATH

Die Pinksterdienste vir die Moeder-, Oos- en Wes- gemeentes is vanjaar by Parys-Wes gehou en ds Pieter Raath van Standerton was die prediker. Die oggend- en aanddienste is goed bygewoon en na afloop van die aanddienste is daar lekker gekuier om ‘n kopple sop en ‘n broodjie.

TEMA : HERE, LEER ONS BID…. Matt 6 : 9 - 13

Sondag : ”Ons Vader wat in die hemel is, laat U naam geheilig word…” As weergebore kinders van ons Vader is ons broers en susters van mekaar wat heilig leef.

Maandag : ”Laat U koninkryk kom ; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel…”. As kinders van ons Vader maak ons Sy Ryk in ons lewe sigbaar en leef ons binne Sy wil.

Dinsdag : ”Gee ons vandag ons daaglikse brood…”. As kinders van ons Vader kom ons vrymoedig met al ons behoeftes na ons Vader.

Woensdag : ”..en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat

teen ons oortree…". As kinders van ons Vader leef ons in harmonie met ons broers en susters.
Donderdag : "..en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose…". As kinders van ons Vader weerstaan ons die Bose en verheerlik ons ons Vader.

KINDERTJIES GEDOOP

In die afgelope kwartaal is daar vier kindertjies gedoop en ons sê geluk aan hul ouers. Hul name is ook aangebring op die kruis voor die kerk en ons glo dit sal help dat hierdie belangrike dag in hul lewens nooit vergeet sal word nie.

Luhard Kapp met manel en al.(*Reska Hamm Fotografie)*

Dopeling	Ouers	Doopdatum
Lea Malan	Eugene en Natasha Malan	1 Maart 2015
Dihan Jacobus Andreas van Coller	Jan en Berdine van Coller	29 Maart 2015
Nerisha-Lee Rheeder	Johan en Jeanine Rheeder	5 April 2015
Luhard Kapp	Lorandt en Jaqueline Kapp	3 Mei 2015

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag die volgende persone wat vanaf Februarie 2015 by die gemeente aangesluit het, hartlik verwelkom. Ons vertrou dat julle reeds ingeskakel het, dat jul verblyf hier vir julle verrykend sal wees en dat julle betrokke sal raak by die gemeenteaktiwiteite.

Naam	**Vorige gemeente**	**Adres**	**Wyk**	**Kontaknommer**
Dries en Lesinda de Jager	NG Waverley	Boomstraat 6	17 - Protea	0610805450 / 0825728229
George en Fransie Denner	NG Parys-Suid	Tiannihof 8, Delverstraat 48	11 - Delver	082 6644186

NB NB: PARYS-WES SE 55STE VERJAARSDAGVIERINGE: 18 – 20 SEPTEMBER 2015

PAASFEES LOFSANGAAND: 29 MAART

Dankie aan Francois en Elizabeth Fourie wat leiding geneem het vir ‘n spesiale aand van heerlike lofsang by Parys-Wes. Daarna is daar ‘n broodjie gebreek en heerlik saam gekuier in die saal. Die geleentheid is goed bygewoon en daar was ook ‘n klompie lidmate van die ander gemeentes. As jy dit nie vanjaar kon bywoon nie, prober volgende keer. Dit was lekker. Dankie aan die dames wat die brode, ens voorsien het.

WELKOM AAN DRIES DE JAGER : KOSTER

Baie welkom aan Dries de Jager wat op 23 Maart diens aanvaar het as Koster. Ons wens hom alles van die beste toe vir sy dienstyd by die gemeente en sien uit daarna om saam met hom te werk.

Dries de Jager is gebore in Dundee, Natal, maar hy het die grootste deel van sy lewe in Pretoria deurgebring. Tydens sy werksloopbaan het hy by die Poskantoor, Telkom en Ask Afrika, ‘n arknavorsingsmaatskappy, gewerk. Dries is met Lesinda getroud en hulle het een seun, Anton. Anton is ‘n fotograaf en hy is met Samantha getroud.

Dries en Lesinda het einde Februarie 2014 na Parys verhuis.

Dries is ‘n kranige rolbalspeler en hy is ook lief vir lees.

Dries kan geskakel word by 056 811 5316 of op sy sel by 061 080 5450.

PARYS-WES VERKOPING OP 14 MAART 2015

Gemeentelede wat verhuis het, het die afgelope tyd heelwat goed aan die kerk geskenk en op 14 Maart is daar ‘n groot verkoping gehou. Soos dit maar gaan, het baie van die goed nuwe eienaars gekry. Vandag gee ons weg en more vul ons maar weer aan. En wat ‘n beter plek om dit te doen as ‘n vendusie, of as daar nie een naby is nie, sommer die kerk se verkoping. Mense is altyd lus vir ietsie om te eet en heelwat tee, koffie,verversings en worsbroodjies is verkoop.

Die mooi bedrag van R6 300 is ingesamel. Dankie aan almal wat die goed geskenk het en natuurlik ook hulle wat gehelp het en hulle wat die verkoping so goed ondersteun het.

"When you feel like you're drowning in life, don't worry, you're Lifeguard walks on water" (E-pos)

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE: 5 MAART 2015

(http://www.huiskerk.co.za)

Die Wêreldbiddag vir Vroue (WBvV) is ‘n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders wat jaarliks op die eerste Vrydag in Maart saam ‘n gebedsketting in meer as 170 lande vorm. Suid-Afrika is ook reeds sedert 1930 deel van die ketting. Die Wêreldbiddag strek oor grense en bind mense uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip en toewyding.

Vrydagoggend, 5 Maart het Parys se dames vir 2015 se Wêreldbiddag vir Vroue by die Wes-gemeente bymekaar gekom. Die biduur is gelei deur ds Barry van Wyk.

Die onderwerp word jaarliks deur ‘n ander land gekies en hierdie jaar was dit die vrouens van die Bahamas se beurt. Die tema wat hulle gekies het kom uit Joh 13:1-17 (Jesus was die voete van sy dissipels) met die klem op vers 12 waar Jesus, nadat hy Petrus se voete gewas het, vir hom vra: *“**Verstaan jy wat Ek vir jou gedoen het?***”

Jesus vra hierdie vraag ook vir ons! Dink daaroor: Jesus buig by my voete, trek my skoene uit, was my voete, droog hulle af. Besef wat dit beteken en kom onder die indruk van wat Jesus vir ons doen. Laat was jou in God se immer vloeiende see van genade. Laat omvou jou deur die koel wind van Sy Gees. Aanbid Hom. Hy is heilig.

Daar was geleentheid om oor die volgende sake te bid:
Skuldbelydenis: Ons is skaam oor ons vuil voete en bely ons skuld. Jes 1 : 18 verseker ons: Al is ons sonde hoé groot, Hy was ons so wit soos sneeu, so wit soos wol.
Vergifnis: Wees bly en dankbaar oor vergifnis. Fil 4 : 4: “Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!”

Voorbidding: Volhard in gebed, wees waaksaam, dankbaar, bid vir mekaar, vir ander vrouens wat swaarkry.
Dankbaarheid: Dank God vir mekaar, vir geleenthede om te dien, om mekaar se voete te was.
Hoop: Was mekaar se voete en rig sodoende bakens van hoop op in 'n verskeurde wêreld. Joh 13 : 14 en 15: "As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen." Here, help ons om bakens van hoop op te rig!

Hortense

Ds Barry van Wyk het ook op Saterdag, 6 Maart dieselfde teks en tema gebruik tydens die **Wêrelbiddag vir mans** wat ook by Parys-Wes gehou is.

ONS SENIOR BURGERS - 80 jaar en ouer

Baie hartlik geluk met die verjaarsdae! "Tog was ek nog altyd by U, want U vat my aan die hand." Ps 73:23

APRIL:

05 – Grieta van der Berg (83): Gesondheid goed. Word in Sally Martin Park versorg.
06 – Annatjie Claassen (83): Gaan goed. Word oud maar dankbaar dat sy nog goed kan loop.
07 – Alf Wilkinson (81): Dit gaan baie goed. Skete maar oor die algemeen gesond. Hou uit met genade van Bo.
10 - Raaitjie Pullen (85): Woon tans by haar kinders in Welkom.
13 – Nellie Schlebush (83): Been was baie seer as gevolg van 'n bloedklont, maar dit gaan weer beter.
14 – Kotie Erasmus (90): Baie hartseer na die dood van haar seun. Artritis gee las maar neem medikasie daarvoor. Bly nog in haar meenthuis.
14 – Marie-Louise de Vries (80): Baie dankbaar dat sy geen gesondheids-probleme het nie. Bly nog in haar meenthuis en het al meer as 1 060 briewe vir haar dogter in Amerika geskryf.
18 – Heila Botha (82): Rug pla maar gesondheid verder redelik goed. Haar seun is onlangs oorlede en dit is 'n hartseertyd vir haar.
22 – Henk Mulder (81): Gaan goed. Gesondheid goed. Is nog baie bedrywig.
24 – Dinkels Schultz (80): Dankbaar teenoor die Here dat dit goed gaan.
28 – At Boshoff (83): Rug en bene gee probleme. Dit gaan maar "op en af", die een dag beter, dan weer slegter.

MEI:

01 – Arthur Rennev (80): Dankbaar vir herstel na verskeie operasies. Gaan goed.
03 – Pierre de Villiers (81): Gesondheid goed. Medikasie help vir rugprobleem. Sy vrou is ernstig siek – vra dat ons vir hulle bid.
08 – Frikkie Botha (81): Loop swaar, verder nie klagtes nie. Is positief en

dankbaar vir die Here se goedheid.
12 - Danie Cronjé (82): Dankbaar dat dit baie goed gaan – geen klagtes nie.
20 – Betta Botes (83): Die Here is goed. Hy voorsien die nodige krag vir elke dag. Dankbaar vir baie seëninge.
22 - Lelia de Jager (87): Dit gaan baie goed. Gesondheid ook goed – al die eer aan die Here!

JUNIE:

05 – Lenie Herbst (87): Dit gaan baie goed. Geval en haar been seergemaak, maar dit gaan weer beter. Sy dank die Here elke dag dat dit goed gaan.
19 – Gert Marais (82): Dit gaan goed. Dankbaar vir goeie gesondheid.
21 – Kobus Myburgh (84): Skoueroperasie gehad, goed herstel. Dankbaar vir baie seëninge.

PARYS-WES HOU MINI-BASAAR

Op 27 Februarie is daar ‘n lekker mini-basaar gehou en ons mense kon weer lekker saam kuier en koop. Al was hy klein, verg dit steeds groot organisasie en harde werk en ons kan maar net dankie sê vir almal se gewilligheid om hul kant te bring. Daar is R48 582.00 op die dag ingesamel. Die vleistafel, teetuin,koektafel en ander stalletjies is goed ondersteun. En wat is ‘n basaar sonder ‘n lekker bakkie poeding of ‘n pannekoek.

Hein van Wyk van Centurion het die gemeente op Sondag, 17 Mei 2015 besoek en ons het gesien dat hy by verskeie organisaies betrokke is. Hier onder is ‘n kort uittreksel uit wat hierdie organisasies se doen en late. Skakels na die onderskeie webwerwe is ook verstrek en belangstellendes word uitgenooi om bietjie meer oor hierdie organisasies se werksaamhede en betrokkenheid te gaan lees.

Siyabuswa Region (http://hopeforafricamission.co.za/regions/southern-africa/)
The Southern part of Africa has been said to have been reached by the Gospel but this is still falling too short to be as there is a lot of follow up work that needs

to be done since the first Western Missionaries came to this region. With 8 least unreached ethnic people groups a huge need for preaching the Gospel of salvation by faith in God through grace and discipleship is still needed. It is with this background that the region has established Bible training Colleges, Christian school and Christian pre-schools in order of reaching out many by the Gospel. Dr Hendrick Mahlangu is the Founder and Director of Hope for Africa Mission overseeing all the six regions; he is also responsible for the oversight of the Southern Africa region.

Friends of Hope for Africa Missions (FHAM), is a non-profit making Christian organisation, whose primary aim is to partner and support the charitable work carried out by **Hope for Africa Missions (HfA)**. It has branches in the UK and USA.

DISCIPLE NATIONS ALLIANCE (DNA) : http://www.disciplenations.org/

FREE! The **Coram Deo School (http://coramdeo.com/About)** is the DNA's best teaching carefully condensed into a set of video presentations, readings and real-life applications. Join a 12-week class with other believers, or work through the material at your own pace.

experience MISSION

"Experience Mission (http://experiencemission.org) exists to spread Christ's love by connecting people together from diverse cultures and backgrounds, developing leaders, and assisting those that live in under-developed communities with resources and support to enable them to reach their own communities and actively participate in extending out to the world."

PIK&PROE OP 25 Mei 2015

Op 25 Mei was dit weer tyd vir 'n lekker byeenkoms van die gemeente. Die dames het elkeen 'n dis voorberei, dit saal toe gevat en daar het ons lekker gepik en geproe. Die gedagte is dat jy met 'n teelepel 'n skeppie uit elke bak vat (en jy mag nie jou vrou s'n oorslaan of net van hare eet nie). As dit klaar is het jy 'n lekker groot kleinbordjie kos en dan kom die lekker eet. En was dit nie heerlik nie en daar was darem genoeg vir 'n tweede rondte skep ook voordat dit afgerond is met 'n "bietjie" poeding en koffie. Dankie aan die Vrouediens wat dit gereël het en al die dames vir die lekker kos wat hulle gemaak het. Teen R25 per kop was dit 'n groot winskoop.

NB. NB : Parys-Wes Basaar : Saterdag, 1 Augustus 2015 om 07 :30